

FEITE OF FIKSIE - FREUDIAANSE FANTASIE EN 'N FEMINISTIESE BEELD VAN SUSANNA SMIT

Maria Hugo en K.W. de Pauw*

The time has come to face the fact that, behind all its rhetorical posturing, the psychoanalytic approach to history is - irremediably - one of logical perversity, scientific unsoundness, and cultural naïveté.¹

Facts or fiction - Freudian fantasy and a feminist view of Susanna Smit

In his article *Die Voortrekkervrou as dwarstrekker - 'n feministiese lesing* (The contrariness of the Voortrekker woman - a feminist perspective) T. Gouws depicts the Voortrekker woman as dominated and oppressed. To support this argument, he employs a Freudian interpretation of the dreams which Susanna Smit recorded in her diary.

Irrespective of the dubious validity of psychoanalysis as a method of historical inquiry, Gouws' whole argument displays a disregard for the task and methodology of historiography, which are grounded in the establishment of true and verifiable facts. His conclusions are not based on empirical research but have been deduced from a theory and the interpretation of so-called symbols, of which the validity cannot be determined.

The following article demonstrates that Gouws had totally ignored both the spirit of the time as well as the cultural milieu of the 19th century Cape Colony in general and that of its eastern pioneer society in particular. He approaches his subject from a perspective unique to his own era, a method which is absolutely unacceptable to the historian. Thus Gouws fails to make any contribution to historiography and he has not added anything new to our understanding of Susanna Smit.

In sy artikel *Die Voortrekkervrou as dwarstrekker - 'n feministiese lesing* beweer T. Gouws dat die Voortrekkervrou die oorheerste en onderdrukte was. Om hierdie stelling te bewys, wend hy hom tot 'n Freudiaanse interpretasie van Susanna Smit se drome, wat sy in haar dagboek opgeteken het.

Afgesien van die twyfelagtige waarde van psigoanalise as metode vir historiese navorsing, berus Gouws se hele betoog op 'n veronagsaming van die taak en metodiek van die geskiedeniswetenskap, wat gegrondves is op die vasstelling van werklike en gekontroleerde feite. Sy bevindinge is nie gebaseer op empiriese onderzoek nie, maar moet inpas by 'n teorie en die interpretasie van sogenaamde simbole, waarvan die geldigheid nie bewys kan word nie.

Onderstaande artikel toon aan dat Gouws sowel die tydges as die kulturele opset van die 19de eeuse samelewings in die Kaapkolonie - en dan veral dié van die pionierssamelewing aan die Oosgrens - heeltemal veronagsaam. Hy benader sy onderwerp vanuit opvattingen van die huidige tyd - 'n metode totaal onaanvaarbaar in die geskiedenis. Gouws dra dan ook niks tot die geskiedskrywing by nie en hy skep geensins 'n duideliker beeld as dié wat reeds van Susanna Smit bestaan nie.

In sy artikel *Die Voortrekkervrou as dwarstrekker - 'n feministiese lesing²* beweer T. Gouws dat die rol wat die vrou in die Groot Trek gespeel het, gestereotipeer word en dat "stereotipering ontstaan wanneer kultureel-bepaalde en histories-gesanksioneerde rolverwagtinge, wat via die opvoedings- en sosialisersproses oorgedra word, onkrities deurgegee word".³ "Die opgetekende

M.B. Ch.B. (Pretoria), M.D. (Brussel), M.R.C. Psych. (Londen), Departement Psigiatrie Doncaster Royal Infirmary, Doncaster, S. Yorkshire, V.K.

- 1 D.E. Stannard, *Shrinking History: on Freud and the failure of Psychohistory* (Oxford University Press, 1980), p. 156.
- 2 In J.S. Bergh (red.), *Herdenkingsjaar 1988* (Pretoria, 1988), pp. 134-147.
- 3 *Ibid.*, p. 135.

geskiedenis soos dit in die verlede, maar ook vandag, aangebied en voorgehou word is" - volgens Gouws - "gehaplografeer" - 'n begrip wat nie in die geskiedeniswetenskap gebruik word of daarop van toepassing is nie. Verder stem sy definisie van die woord⁴ ook nie ooreen met dié van Van Dale, Webster en die Oxford English Dictionary nie, aldrie standaardwoordeboeke.

Dit is na aanleiding van bogenoemde uitleatings miskien nodig om dit weer duidelik te stel dat wetenskaplike geskiedskrywing gegrondves is op die vasstelling van *werklike feite*, wat op mense en gebeurtenisse in 'n bepaalde tyd betrekking het. Toegegoe dat die beeld van die verlede altyd "onvoltooid" sal wees (om met Jan Romein saam te praat) vir die eenvoudige rede dat àl die gegewens nie opgespoor kan word nie. Dit wil nie sê dat 'n herinterpretasie van die verlede nie toelaatbaar is nie, want die vertolkning is altyd in 'n mate subjektief en waar dit om persone gaan, is dit ook nie uitgesluit nie dat wat iemand in 'n ander sien, 'n projeksie van homself is.⁵ 'n Herinterpretasie van die geskiedenis moet alleen geskied wanneer nuwe feite met betrekking tot die studie-objek deur navorsing aan die lig gekom het. Dit beteken gewis nie dat gebeurtenisse of persone vanuit die beskouings en geestesklimaat van die moderne tyd benader en beoordeel mag word nie. 'n Analise van die verlede en die mense van daardie tyd moet geskied vanuit die geestelike, kulturele, intellektuele, sosiale en ekonomiese opset van daardie tyd. Niemand minder nie as die groot Huizinga het daarop gewys dat die verlede in fundamentele opsigte 'n totaal ander wêreld was as die waarin ons ons vandag bevind en ook die Nederlandse psigiater J.H. van den Berg het opgemerk dat vroeëre generasies 'n ander soort lewe gely het en dat hulle wesenlik verskillend van ons was.⁶ Dit besef Gouws blykbaar nie. Die grootste probleem waarvoor die historikus dan ook te staan kom, is om die verskillende wêreleide in die verlede te analiseer en hom nie net deur sy intellektuele vermoëns nie, maar ook geestelik daarin te kan verplaas.⁷

Gouws kom met die verbasende stelling dat "'n feministiese lesing van die geskiedenis (veral) impliseer ... dat sogenaamde 'subjektiewe geskiedenis' meer globaal is èn meer sê as 'objektiewe geskiedenis'"⁸ - die aanvegbaarheid van sy begrippe "objektiewe" en "subjektiewe" geskiedenis nou daargelaat. Hy wend hom dan tot die dagboek van Susanna Smit: "Omdat dagboeke nie vir publikasie bedoel is nie, is dit miskien ook meer betroubaar, want daarin word '(the) depth processes of the psyche' ontlaai".⁹ Hugo en ander historici het reeds aangetoon dat die dagboek nie sonder meer as 'n betrouwbare historiese bron aanvaar kan word nie.¹⁰ Op bladsy 142 van sy artikel skryf Gouws dat die dagboek van Erasmus Smit "nie sonder voorbehoud as die korrekte historiese feite beskou kan word nie". 'n Mens sou kon vra waarom die betrouwbaarheid van Smit se dagboek deur hom bevragekken word en nie dié van Susanna nie. De Jongh het byvoorbeeld die indruk gekry dat Susanna Smit hulle armoedige en bejammeringswaardige toestand erger geskilder het as wat dit in werklikheid was.¹¹

Vir Gouws openbaar haar geskrifte "'n ongesonde magsmanipulasie of dan verdrukking" en dat "die kulturele paradigma van dié tyd ... dié (was) van oorheerster en die oorheerste. Nie net in die gesinstruktuur was dit die verordening nie, maar ook in die sosiale sisteem (bv. die eerbied vir godsdiens en vir 'n predikant en die

4. *Ibid.*

5. Kyk ook D.E. Stannard, *Shrinking History: on Freud and the failure of Psychohistory* (Oxford, 1980), p. 125.

6. Aangehaal deur Stannard, pp. 121, 142.

7. Die skilderye van Jeroen Bosch is 'n treffende voorbeeld. Kyk R.E. Hemphill, 'The personality and problem of Hieronymus Bosch', *Proceedings of the Royal Society of Medicine* 58, Februarie 1965, pp. 137-144, vir 'n onverantwoorde poging om dié enigmatische kunstenaar vanuit 'n psigoanalitiese oogpunt te begryp.

8. 'Die Voortrekkerkervrou as dwarstrekker ...', p. 136.

9. *Ibid.*, p. 136.

10. M. Hugo, 'Die dagboek as historiese bron - met verwysing na die dagboek van H.C. Bredell', *Historia* 34 (2), November 1989, pp. 108-118.

11. P.S. de Jongh, *Die lewe van Erasmus Smit* (Kaapstad, 1977), p. 190.

kerk en ook die politieke sisteem).¹² Hy verstrek egter geen afdoende bewyse nie dat die Voortrekker vroue hulle as die "oorheerstes" en "verdruktes" beskou het. Daar is genoeg gevalle waar hulle selfstandig en op eie inisiatief opgetree het. Die vrou het in die pioniersbestaan aan die Kaapse Oosgrens en ook op Trek meer as 'n vennoot as die ondergeskikte van haar man opgetree.¹³

In sy "eksemplariese gevalliestudie" van "die leeu en die engel"¹⁴ probeer Gouws aantoon hoe Susanna op feitlik alle vlakke van die samelewings genoop was "om die knie voor die oorheersers te buig",¹⁵ maar dat sy 'n sterk wil en leiersinstink gehad het wat verval het in oorlewingssdrif.¹⁶ Indien Susanna dan so "oorheers" gevoel het, ontstaan die vraag waarom sy nie soos Debora Jacoba Retief of Angenitha Maria Olivier, die weduwee van die Voortrekkerleier Gert Maritz, om ekskeiding by die Natalse Volksraad aansoek gedoen het nie.¹⁷

Na ontsleding van die beskikbare bronne asook die geskrifte van Susanna Smit het P.L. Olivier, K. Roodt-Coetze en P.S. de Jongh,¹⁸ sover dit vir hulle moontlik was, 'n taamlik volledige voorstelling van die persoonlikheid van dié Voortrekker vrou gegee. Uit hul interpretasie van die gegewens (wat grootliks ooreenstem) tree Susanna te voorskyn as 'n skrander, sensitiewe, maar hoogs emosionele en uiters godsdiestige vrou, wat haar drome en gesigte met 'n mistieke inslag in haar dagboek opgeteken het.

Sy het in 'n godsdiestige huis opgegroei waar die gesin bevriend was met die sendelinge op Bethelsdorp. Veral haar moeder het haar vir sendingwerk beywer. Ook Susanna was reeds van jongsaaf diep godsdiestig en het wanneer sy ongelukkig gevoel het, haar ontrek en tot die Here gaan bid, waarna sy weer versterk en opgeruimd na die ander huisgenote teruggekeer het. Sy het egter altyd onder die indruk verkeer dat haar moeder hár die minste liefgehad het. In haar dagboek verwys sy na haar ongelukkige jeug.

Blybaar is sy op aandrang van haar moeder twee maande voor haar veertiende verjaarsdag met die sendeling Erasmus Smit getroud wat meer as twintig jaar ouer as sy was. In daardie tyd was dit nie ongewoon vir dogters om jonk te trou nie. Haar eie broer, die Trekleier Gert Maritz, is in 1820 met 'n meisie van slegs vyftien jaar oud getroud en Susanna se moeder was ook maar net vyftien.¹⁹ Dat sy onvoorbereid en teen haar sin in die huwelik gedwing is, blyk uit haar dagboek, maar terugskouend kon sy later aanteken dat niemand haar veronreg het nie, dat sy op haar manier gelukkig was en dat dit die Here se Wil met haar was.

Die sieklike, vroegoue Erasmus Smit was ietwat van 'n sukkelaar, uiters prikkelbaar en nie behoorlik georden nie. Susanna het hom getrou en op 'n bekwame wyse bygestaan. In September 1836 het die Smits-hulle, vergesel van hulle jongste seun, by die Trek van Gert Maritz aangesluit en die Kolonie in 'n geleende wa verlaat, omdat daar volgens Susanna vir hulle geen hoop op 'n redelike toekoms was nie en Smit nérens meer werk kon kry nie. Volgens haar dagboek sou van die Voortrekkers hom laat verstaan het dat hy as die geestelike leier van die Trekkers sou optree.

Vir die buitestander het die egaar Smit wat voorkoms betref, 'n groot kontras gevorm. Volgens Lourens C. de Klerk, wat hulle op Trek geken het, was Susanna 'n "dikke vrouw, wat tog nog meer bewegelik was als die ou man, en sowat die sake waargeneem het".²⁰ Onder Smit se leiding het Susanna nietemin ontwikkel tot 'n

12. 'Die Voortrekker vrou as dwarstrekker ...', p. 141.

13. Dink maar aan Antjie Scheepers, Anna Stoenkamp, die optrede van mev. Maritz gedurende die Zoeloe-aanval op die laer aan die Boesmansrivier en die houding van die vroue na die moorde by Mgungundhlovo asook ná die anneksasie van Natal.

14. 'Die Voortrekker vrou as dwarstrekker ...', p. 140 en verder.

15. *Ibid.*, p. 141.

16. *Ibid.*

17. Vgl. A.C. Swanepoel, "Die regstelsel in die Republiek Natalia, 1838-1845", *Historia* 34 (2), November 1989, pp. 46-47.

18. P.L. Olivier, *Susanna Catharina Smit* (Ongepubliseerde B.D.-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1941); K. Roodt-Coetze, 'Susanna Smit, Skryfster van die Trek', *Hertzog-Annale*, Desember 1961, pp. 29-42; P.S. de Jongh, *Die lewe van Erasmus Smit* (Kaapstad, 1977).

19. H.B. Thom, *Die lewe van Gert Maritz* (Kaapstad, 1965), p. 27.

20. P.S. de Jongh, *Die lewe van Erasmus Smit* (Kaapstad 1977), p. 113.

vrou wat haar gedagtes en gevoelens vlot in Nederlands kon uitdruk en sy het ook godsdienstige lektuur gelees en die geskrifte van die Gereformeerde Piëtistiese teoloë, onder andere dié van Wilhelmus à Brakel, Lambertus Mijsras, Petrus Immens en die Skotse predikantbroers Erskine bestudeer.

Namate haar man as geestelike leier deur die Trekkergemeenskap verstoot is en haar sorge oor hul geldelike toestand toegeneem het, het Susanna in voortdurende spanning verkeer, met 'n sterk gevoel van veronregting oor die behandeling wat haar man ontvang het. Daarby moes sy die vernedering verduur van die spot en skinderstories oor Smit se drankmisbruik. Deurgaans in haar geskrifte bly egter haar lojaliteit aan haar man en haar medelye met hom.

Mettertyd ontrek sy haar aan die gemeenskap en wy sy haar aan godsdienstige bepeinsinge en skryfwerk. Sy bekommert haar oor haar eie sondige neigings en die sieleheil van haar en haar seuns. Die drome en gesigte wat na haar kom, beskou sy as deur God ingegee om as openbaringe of waarskuwings te dien. Sy is ook besorg oor die godsdienstige rigting wat die preke van eerwaarde Daniel Lindley inslaan wat volgens haar nie suiver Gereformeerd is nie. Sy woon nie meer die kerkdienste by nie en gebruik ook 'n tyd lank nie meer die Nagmaal nie. Sy ontwikkel sterk Piëtistiese en mistieke neigings, wat uitvoerig in die geskrifte van Olivier en Roodt-Coetze behandel word, maar wat heeltemal deur Gouws genegeer is.

Verder is Gouws wat sy analise van Susanna se drome en gesigte betref, klaarblyklik onbewus dat ernstige bedenkinge tans gekoester word teen die psigoanalise as terapeutiese tegniek en dat die bewysgronde waarop Freud sy teoretiese beginsels gebaseer het, uiterst twyfelagtig is.²¹ Dieselfde Freudiaanse ingesteldheid het Leo Abse, 'n voormalige parlementslid van die Britse Arbeidersparty, onlangs oor Margaret Thatcher laat kwytraak dat sy 'n falliese vrou is wat nie daartoe in staat is om emosioneel volwassenheid te bereik nie, weens haar identifikasie met haar pa en haar begeerte om 'n penis te besit.²² Onnodig om te sê dat Abse met geen bewyse voor 'n dag kom nie en dat die "Iron Lady" haar ook nie op sy psigiatrise sofa bevind het nie!

In die loop van 'n bespreking van die psigoanalis W.C. Langer se Hitler-biografie merk Hugh Trevor-Roper op dat die psigohistorici (by wie Gouws hom wetend of onwetend skaar) "instead of proceeding from demonstrable steps, from facts to interpretation, from evidence to conclusion, ... move in the opposite direction. They deduce their facts from their theories: and this means, in effect, that facts are at the mercy of theory, selected and valued according to the consistence with theory, even invented for the sake of theory".²³

Verder voer die ontnugterde psigobiograaf Crews aan dat die psigoanalise as intellektuele beweging sy aansien verloor het, omdat die logika in die Freudiaanse

-
21. Kyk A. Clare, 'Freud's cases: the clinical basis of psychoanalysis' in W.F. Bynum, R. Porter en M. Shepherd (red.), *The anatomy of madness: Essays in the history of Psychiatry, Vol. 1: People and ideas* (Londen, 1985), pp. 271-288; H.J. Eysenck, *Decline and fall of the Freudian empire* (Viking Penguin Books, 1985); A. Grünbaum, *The foundations of Psychoanalysis: a philosophical critique* (University of California Press, 1984).
 22. W. Wyatt, 'Phallic phantasmagoria', 'n bespreking van L. Abse se *Margaret, Daughter of Beatrice: a politician's psycho-biography of Margaret Thatcher* (Londen, 1989) in *The Times* (Londen), 28 September 1989, p. 21.
 23. Aangehaal deur M. Shepherd, 'The psycho-historians - a psychiatrist's scepticism', *Encounter* 52 (3), Maart 1979, pp. 35-42. Kyk ook H.J. Eysenck, 'Psycho-babble and pseudo-history' in *Decline and fall of the Freudian empire* (Viking Penguin Books, 1985). Wat die literêre skrywers betref, het Eysenck die volgende opgemerk: "Freud and his teaching constituted a most welcome set of notions and ideas which could be elaborated into literary productions, whether poems, plays and novels. It took the place formerly occupied by Greek mythology, namely a set of beliefs, personalities and adventures widely known to educated people, to which reference could be made, and which could be incorporated into literary works. Instead of Zeus, Athene, Achilles and their like, we now have the censor, the superego, Thanatos and other mythological figures. To the second-rate writer, Freud spelt salvation; here was a rich mine which could be explored endlessly ..." (pp. 206-207).

redenering op losse skroewe staan - "many of its particular assertions, especially regarding women [*sic!*], have owed more to ideology and superstition than to clinical fact".²⁴

Psiagoanalise is daarom allermis toepasbaar op *gestorwenes* en is, empiries gesproke wat die geskiedskrywing betref, 'n onhoubare benadering.²⁵ Maar, soos Medawar aangetoon het, "ever since Freud's factually erroneous analysis of Leonardo, psychoanalysts have tried their hand at 'interpreting' the life and work of men of genius, and many of the great figures of history have been disinterred and brought to the post-mortem slab".²⁶

Wat Susanna se drome en gesigte betref, is dit skynbaar nodig om Gouws daarop attent te maak dat verskillende psiagoanalitici wyduiteenlopende interpretasies daarvan kan gee. Want, soos Marmor opgemerk het, "depending upon the point of view of the analyst, the patients of each (competing psychoanalytic) school seem to bring up precisely the kind of phenomenological data which confirm the theories and interpretations of their analysts! ... Freudians elicit material about the Oedipus Complex and castration anxiety, Jungians about archetypes, Rankians (dissipels van die psiagoanalist Otto Rank) about separation anxiety, Adlerians [*sic!*] about masculine strivings and feelings of inferiority ..."²⁷ Waar is die wetenskaplike gronde om vas te stel watter interpretasie die juiste een is?²⁸

"Dit sou", om Gouws aan te haal, "'n studie op sigself" verg om sy verregaande en kwansuis "baie sterk Freudiaans(e)"²⁹ interpretasie van Susanna se drome te ontleed. Vir hierdie bespreking is dit voldoende om daarop te wys dat onlangse navorsing Freud se droomteorie totaal weerlê. Nog erger, dit blyk dat Freud self hom nie aan sy eie reëls gehou het nie toe hy sy pasiënte se drome geanaliseer het!³⁰ Gouws verwys byvoorbeeld na 'n droom wat dikwels by Susanna voorgekom het, naamlik dié van die dronk sanger. Vir hom is dit duidelik dat dit hier gaan om die man (Smit) as die oorheerster.³¹ Wat ons betref, slaan dit veel eerder op die dranksugtigheid van Smit waaraan sy 'n afkeer gehad het en die vernedering wat dit vir haar in die gemeenskap ingehou het.³² So ook kan die verskeie gesigte van die sterk man wat haar bystaan en begelei, in teenstelling met Gouws se betoog dat Susanna die "oorheerste" was, dat "die androgeniese leeu in Susanna Smit ... om erkenning geroep het",³³ juis daarop dui dat sy bewus was van haar swakheid en

24. F. Crews, *Sceptical engagements* (Oxford University Press, 1986), p. 5. Kyk ook A. Grünbaum, *The foundations of Psychoanalysis: a philosophical critique* (University of California Press, 1984).

25. Vgl. D.E. Stannard, *Shrinking History: on Freud and the failure of Psychohistory* (Oxford University Press, 1980), pp. vii, 147 en 151.

26. P. Medawar, *Pluto's Republic* (Oxford University Press, 1982), pp. 62-72; kyk pp. 5-7 en 141-147 vir 'n bespreking van die fiasco wat 'n analise van Darwin opgelewer het. Dat sommige psiagoanalitici tot die slotsom kom dat Jesus geestelik versteurd was, is seker ook nie verbasd nie - kyk bv. R. Lloyd, 'Cross and psychosis', *Faith and Freedom* 24 (1 en 2) Herfs 1970 en Lente 1971, pp. 3-40 en H. Somers, *Jezus de Messias - Was het Christendom een Vergissing?* (Antwerpen, 1986).

27. J. Marmor, 'Psychoanalytic therapy as an educational process', in J. Masserman (red.), *Psychoanalytic Education Vol. 5* (New York, 1962), pp. 286-299.

28. Vir 'n nuttige historiese oorsig van die interpretasie van drome, kyk J.A. Hobson, *The dreaming brain* (New York, 1988), pp. 23-68.

29. 'Die Voortrekervrou as dwarstrekker ...', p. 145.

30. Kyk J.A. Hobson, 'Can psychoanalysis be saved?' *The Sciences* 25 (6) November/Desember 1985, pp. 52-58 en *The dreaming brain* (New York, 1988), pp. 16, 52-68, 203-222. Vgl. ook A. Grünbaum, *The foundations of Psychoanalysis: a philosophical critique* (University of California Press, 1984).

31. 'Die Voortrekervrou as dwarstrekker ...', p. 146.

32. Dit is nogal ironies dat Aristoteles se siening dat drome 'n mens se daaglikse ervaringe en sorge weerspieël nogal ooreenstem met die opvattinge van moderne neuropsigiaters soos Hobson, naamlik dat die betekenis van drome begryp kan word sonder enige toevlug tot die esoteriese Freudiaanse ontsyferingsproses.

33. 'Die Voortrekervrou as dwarstrekker ...', pp. 144-145.

onvermoë en soms miskien na 'n sterker en fisies meer aantreklike man verlang het.³⁴

Wat die huweliksverhouding van Erasmus Smit en Susanna betref, kan slegs vermoed word dat Susanna miskien soms na 'n sterker metgesel verlang het om haar by te staan; daarenteen het sy waarskynlik Smit ten opsigte van sy intellektuele vermoë en belesenheid as haar meerdere aanvaar.

Wat wil Gouws suggereer met sy verwysing na Smit se optrede teenoor die swart vroulike huisbediendes? De Jongh vermeld dat die Smits nooit sonder bediendes was nie, maar dat hulle nie lank in hulle diens gebly het nie. Veral Smit - selfs tydens sy werkzaamhede op Bethelsdorp - kon nooit met hulle oor die weg kom nie. Hy kon veral hulle luiheid en pligsversuim nie duld nie. De Jongh wys daarop dat waar die direkteure van die Londense Sendinggenootskap van die sendelinge op Bethelsdorp van overspel beskuldig het en dat van hulle in ontug gelewe het, Erasmus Smit in dié opsig nooit deur die Europese Genootskappe beskuldig is nie.³⁵

Watter bydrae het Gouws met sy artikel tot die geskiedskrywing gelewer? Afgesien van sy verontagsaming van die taak en metode van die geskiedeniswetenskap, het hy met sy Freudiaanse benadering nijs bygedra tot 'n duideliker beeld van Susanna Smit nie. Sy verbeeldingsvlugte hoort tuis in 'n fiksieverhaal; die geskiedskrywing kan beslis daarsonder klaarkom.³⁶

-
34. Gouws is skynbaar salig onbewus van die feit dat die Freudiaanse androgeniteitsbegrip lankal alle geloofwaardigheid moes inboet. Kyk o.a. in die verband P. Chodoff, 'A critique of Freud's theory of infantile sexuality', *American Journal of Psychiatry* 123 (5), November 1966, pp. 507-518 en M.J. Sherfey, 'The evolution and nature of female sexuality in relation to psychoanalytic theory', *American Psychoanalytical Association Journal* 14, 1966, pp. 28-128.
 35. P.S. de Jongh, *Die lewe van Erasmus Smit* (Kaapstad, 1977), pp. 50, 70, 80, 82, 97 en 190.
 36. Vgl. ook die verdoemende kommentaar van P. Medawar: "Doctrinaire psychoanalytic theory is the most stupendous intellectual confidence trick of the twentieth century: and ... a terminal product as well - something akin to a dinosaur or a zeppelin in the history of ideas: a vast structure of radically unsound design and with no posterity." *Pluto's Republic* (Oxford University Press, 1982), p. 140.